

Gesinsrehabilitasie as 'n voorvereiste vir die volksvoortbestaan.

Ter inleiding

Hierdie is 'n baie belangrike onderwerp, asook baie gewigtig, aangesien die Huis van Bloedrivier (wat vir ons in die vooruitsig gestel is), se totstandkoming totaal afhanklik is van soewereiniteit binne ons volksgesinne. Wat egter belangrik is, en wat ons in gedagte moet hou, is dat hierdie saak deur lotsbeslissing aangewys is om met hierdie geleentheid, aangespreek te word. Dit kan dan nie anders wees dat daar hindernisse by ons volksgesinne se leefwyse is nie, en dat dit 'n voorvereiste is dat die foute aangespreek moet word ter bevryding en vir voortbestaan van die Geloftesvolk van Suid Afrika.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, uitgawes vanaf die middel 1960's tot einde 1970, ook bekend as die "HAT", definieer die woord rehabilitasie soos volg: "Herstelling in 'n vroeëre staat of stand", veral "herstel in goeie naam en eer".

M.a.w dit kom in hierdie geval neer op "gesinsherstelling". Ons sal dus indringend by ons volksgesinne ondersoek moet instel, om dit waarvan ons afvallig geraak het, te identifiseer met die Heilige Wette van ons hemelse Vader in hand, en deur terug te kyk op ons volk se weë, om te kan bepaal wat van ons verwag word m.b.t. gesinsrehabilitasie.

REFERAAT

Die probleme in ons volksgesinne is ook nie iets wat onlangs ontstaan het nie. Dr. A. J. v. d. Merwe, Ds. A. M. Meiring, asook Ds. P. du Toit, spreek egter hierdie probleem aan in die Referate en besluite van die Volkskongres te JHB 1-4 Julie 1947.

Ds. A. M. Meiring haal statistieke aan van o.a. egskeidings in die vroeë- en middel 1900. Meer hieroor, later.

Dr. D.F. Malan se toespraak tydens die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Des. 1949, lê ook klem op die terugkeer na die "heiligheid" en "onskendbaarheid" van die gesinslewe.

So kan mens sien dat die mense in daardie tyd al begin agterkom het van die probleme wat ontsaan het binne ons volksgesinne. Want as dit nie so

was nie, sou Dr. D.F Malan nie daarvan gepraat het in sy toespraak nie, en sou dit ook nie tersake gekom het op die Volkskongres van 1947 nie. Die hindernisse by ons volk se gesinslewens, is dus niks nuuts nie.

Dit is belangrik om terug te gaan op die weë van ons volk, tot ons die tye vind waar die gesinslewe nie in gedrang was nie. Dit sal grootliks die antwoorde na vore bring op die vrae wat later gaan ontstaan. Een van die grootste bakens in ons geskiedenis m.b.t. die “heiligheid” van die gesinslewe, is die geloofspad wat ons Voortrekkervoorouers op gewandel het. Dit sal tot ‘n waardevolle riglyn vir die toekoms van die volk dien as die lewensnorme van die Geloftesvolk van ouds nagespoor kan word. Die spreuk van Pres. Paul Kruger sou dan toepaslik wees deurdat die “voortbestaan van die volk gebou kan word op die mooie van die verlede”. So mag die grondplan van gesinsrehabilitasie in ons hede, moontlik te vinde wees in die uitlewing van die riglyne waarop die Geloftesvolk van ouds gefunksioneer het.

Die huisgesin se samesyn en welsyn was vir die Voortrekkers kosbaar en sy hoogste verantwoordelikheid as primêre behoud, van sy leef-wêreld. Elke Voortrekker gesin was ‘n klein gemeente waarin die Bybel die maatstaf vir die etiese lewe verskaf het. Elke gesin was ‘n skool waarin die Bybel die middel was vir kultuurontwikkeling en beskawing.

Die huisgesin staan bo aan die lys in die waardeskema van die Voortrekker. By die egte Afrikaner is sy huisgesin die sosiale eenheid.

Die kern van die Voortrekkerhuisgesin het bestaan uit die handhawing van die Skrifgesag waaruit die Geloftesvolk se heilige kontrakte, nl. ons volksgeloftes, voortgespruit het.

Nou kom ons by enkele vrae:

Kan ons in ‘n breë lyn dieselfde leefwyse as die van die Voortrekker gesinne vind by ons hedendaagse volksgesinne? Nee ons kan beslis nie.

Is die Bybel nogsteeds die maatstaf vir die etiese lewe, en is elke gesin ‘n klein gemeente? Nee, beslis nie.

Of, het die ouerlike woning, wat vir die Voorgeslagte ‘n soort van heiligdom was, vir duisende van ons volksgenote vandag, net ‘n eet- en slaapplek geword en dat dit aanleiding gegee het tot die val van die geestelike betekenis van die huisgesin? Ja, beslis.

Die gevolgtrekking wat gemaak word na aanleiding van die vrae wat tans behandel is, kom grootliks neer op die ondermyning van die gesinslewe.

Die ondermynig van die gesinslewe se nadelige gevolge kan sterk beklemtoon word. Waar die huisgesin opgehou het om 'n gemeente in die klein te wees, word nie alleen afbreuk gedoen aan die geestelike vorming van die jeug nie, maar word tergelyketyd, die eensgesindheid van die gesinslewe ondermyn.

Om te verwag dat kinders wat in sulke omstandighede opgroei, later 'n gesonde godsdiens-sin moet openbaar, is, om die minste te sê, onredelik.

Die ondermyning van die gesinslewe het al so pos gevat in ons volk, dat dit selfs veroorsaak het dat die meerdereid jongmense vandag, glad nie eens belangstel in die gesinslewe nie. Waar groot gesinne in die ou tyd die norm was, het dié gedagte al in baie van ons volksgenote se oë vandag, 'n tipe van 'n skande geword. Daar het 'n groot omwenteling plaasgevind in die denkwysse van die volk m.b.t. die gesinslewe. Omrede die gesinslewe ondermyn word, kon die diepe waarde en betekenis, asook die noodsaaklikheid daarvan, nie oorgesien word aan die nageslag nie. Dit is om van te weën. Dit bring opnuut die dringendheid van gesinsrehabilitasie in ons volk na vore.

Een van die belangrikste opdragte vanuit die Skrifte vir die ouer, is om hul kinders die Geboorte en Insettinge van ons hemelse Vader daagliks in te skerp, soos opgeteken in Deut. 6: 5-7.

Deut. 6:5 Daarom moet jy JHWH jou Ael liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;

7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

Die probleem is egter dat die groter meerderheid van die volk al so vervreemd geraak het van die selfbestudering van die heilige Skrifte, dat die moderne ouer nie die nodige Skrifkennis besit om hierdie opdrag van Deut. 6:5-7 te kan uitvoer nie. Die kennis wat verlore gegaan het, sal eers weer gevind moet word deur die ouers, alvorens hul dit vir hul kinders kan inskerp. Die enigste manier hoe hierdie kennis weer gestalte sal kry binne die gesin sal wees om huisgodsdiens weer 'n daaglikse instelling te maak in gesinsverband, sodat die herlewing van die gesinslewe in ons volk weer tot herstelling kan kom.

Selfbestudering van die Skrifte, het in ons volk se verlede, 'n deurslaggewende rol gespeel in ons volk se volhoubaarheid in slegte omstandighede, asook in die tye wat dit goed gegaan het. M.a.w. die kennis oor die Wette van ons hemelse Vader en die handhawing daarvan, het gesorg dat die volk nie ten gronde sou gaan nie. Die volk se voortbestaan was m.a.w. nie in gevaar nie. Die bestaan van die volk vandag, is die getuienis daarvoor. Die Skrifgedeelte wat egter hier ter sprake kom, is Hosea 4:6.

“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.”

Hierdie Skrifgedeelte wys vir ons uit dat 'n gebrek aan die onderhouding van die Wette van ons hemelse Vader, die kennis oor Sy Geboorte en insettinge, in die vergetenheid laat verdwyn en dit dan veroorsaak dat die volk se voortbestaan in gedrang kom. Hierdie kennis bestaan uit die volheid van die Wet van ons hemelse Koning JaHHoWShuAh. Ons weet dat die groot gebod in die Wet, die liefde tot ons hemelse Vader is, en dit wat daarmee gelykstaan, is die liefde tot ons naaste.

Die gesinsrehabilitasie wat ons nou op hande het, moet op die grondslag van die liefde geskoei word. Ons sal dus op alle lewensterreine, die volkomenheid in ons diens tot JHWH, moet toepas.

Die gesinshoofde in ons volk sal egter weer hul Bybels moet opneem en hul kinders daaruit leer en hulle die weë van ons hemelse Vader inskerp sodat hulle van kindsbeen af sal weet hoe om JHWH te dien met 'n volkome hart en dat hulle wêrklik sal verstaan dat die liefde tot JHWH, die bewaring en onderhouding van Sy Geboorte is.

1 Tim. 1:5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinste geloof.

Die gebod, Wette en verordeninge is een en dieselfde begrip. Só is die doel van die Wet, dan die liefde. As ons dan nie onder die Wet, of dan onder die gebod is nie, is ons ook nie onder die liefde nie.

Daar staan geskrywe dat jy JHWH (die Here) jou God moet liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte, en dat dit die eerste en groot gebod is.

Joh. 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie.

Joh. 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

Jy kan Hom nie liefhê as jy nie jou met Sy gebooie en Insettinge vereenselwig nie.

Liefde tot JHWH is die besit, bewaring en praktiese uitleef van Sy Gebooie-Wet.

Dit is m.a.w. onmoontlik om ons hemelse Vader te kan dien en liefhê met 'n volkome hart, as dit nie gepaard gaan met die bewaring en onderhouding van Sy gebooie nie.

Die eerste stap van ons volk op die pad wat vir ons voorlê waarop hierdie gesinsrehabitasie moet gebeur, sal wees om die hindernisse in ons volksgesinne vanuit 'n teokratiese oogpunt te benader.

Op hierdie grondslag sal daar weer 'n omwenteling in ons volksgesinne begin plaasvind, wat uiteindelik sal beteken dat herstel mettertyd tot sy volheid sal kom.

Vanuit die Volksvergadering te Orania 2011, het daar 'n dokument voortgespruit wat 'n Skrifgefundeerde handleiding is wat ek dink elkeen van ons op hierdie pad van bekering, saam met ons moet dra, wat van waardevolle riglyn sal wees vir die Gesinsrehabilitasie van ons volk. Die naam van hierdie dokument is "Die Tweede Groot Trek Is Hier". Ek wil die voorstel maak dat die Konsilie ter uitvoering van hierdie voorlegging, die dokument opnuut weer op groot skaal en ook op verskillende platforms, sal versprei.

Nog 'n waardevolle bron is die boek van Sirag nl. "Die Wysheid van Sirag" Deuterokanonieke boek. Ek glo meeste van ons hier teenwoordig is bekend met die boek. Ek persoonlik het dit al 'n hele paar keer deurgelees en uit my oogpunt is dit een van die waardevolste riglyne vir die opvoeding van mens se kinders. Die rede hoekom ek dit sê is omdat die praktiese uitvoering van die Gebooie van ons hemelse Vader, op 'n goeie leersame grondslag uitgebeeld word. Hierdie boek is vervat in die Bybel met Deutero-Kanonieke

boeke, met dank aan die Bybelgenootskap wat dit nog uitgee. Mens kan dit by meeste boekwinkels bestel.

Ten slotte wil ek twee uittreksels aan die vergadering voorhou vanuit die Referate en besluite van die Volkskongres te JHB 1-4 Julie 1947, wat nie net baie lig op die onderwerp sal plaas nie, maar wat waardevol sal wees vir oplossings en antwoorde i.v.m. hierdie saak.

Die eerste uittreksel wat ek aan u voorhou, is “Die Afrikaner Huisgesin” op bladsy 49-50. deel 2 van “Geestelike gesinsorg” deur Ds. P. du Toit, Kaapstad.

Die inhou van die identiteit en eie lewenskragtigheid van ons Afrikanervolk is, naas die beskermende hand van God, aan die Afrikaner huisgesin te danke. Hierdie Afrikaner huisgesin was vanaf die vroegste dae van ons geskiedenis ‘n bron van geestlike krag en ‘n rots van behoudenis vir die godsdienstige karakter van ons volk, en ons kan byvoeg, vir ons eie volksbestaan.

Vanaf die dae van die eerste vryburgers in die alwyertrekkende-kringe om Tafelberg en op die gevaarlike oostelike grense van die ou Kaap Kolonie, tot op die lydenspoor van die Groot Trek en die planting van die vrye republieke, tref ons dwarsdeur die ontstaan van die eerbare familielewe aan, die bakermat van ons nasiewording. Die krag om onself te bly – ‘n christelike volk temidde van ‘n vloed van heidendom, ‘n wit nasie temidde van ‘n swart see, - is in hierdie feit geleë.

As ons die geestelike krag van die Afrikaner huisgesin wil verstaan dan moet op ‘n paar kenmerke gewys word. Voorop stel ons die godsdienstige karakter wat die huisgesin gedra het. Die onuitroeibare geloofvoortuigings van voorsate wat terwille van hul geloof gevlug het na hierdie suiderstrand, die diepe afhanklikheidsin van God wat by hulle ingeskerp is op ons eie bodem in die begin jare van stryd teen geweldige oormagte, en ‘n harde natuurgesteldheid en die afgeslootenheid van die binnelande waarin hulle hul bevind het, het die huisgesin sy vaste godsdienstige beslag gegee. Daarby het die Afrikaner huisgesin ook ‘n sterk saamhorigheidsgevoel ontwikkel wat uiting gevind het in die deugde van helpmekaar, gasvryheid, ordelikheid en familietrots. Hierdie godsdienstige grondslag het wel soms in gevaar verkeer om in formalisme te ontaard maar dit het, nieteenstaande

afdwalinge tot op die huidige dag kragentrale gebly wat die benéwede beskaafde heidendom van broodnodige ligstrepe voorsien.

Die sterk familieband en famielietrots was behoudende elemente in ons volksbestaan. Gebore uit die godsdienstsin en onbestendigheid van 'n baanbrekersvolk se lewe het hierdie kenmerke sterk ontwikkel en bygedra tot ons behoudenis. Getuie hiervan is die besondere waarde wat geheg is aan familie-herkoms en die feit dat geslagregisters in die familiebybel opgeteken is.

Die wyse waarop die heiligheid van die huweliksband in ere gehou is was 'n uitstaande kenmerk in die Afrikaner gesin. Nieteenstaande die aanstormende vloedwaters van vervynde onsedelikheid lê hierin nog 'n kragbron in ons volkslewe wat bewaar en ontgin moet word indien ons 'n eie volk wil bly.

Nou hieraan verbonde staan die kenmerk van die eer wat gestel is op bloedsuiwerheid en die afkeer van alle rassevermenging wat as 'n vaste lewensbeskouing van die Afrikaner huisgesin gegeld het. Dit was nie alleen selfbehoud wat die weg hier aangewys het nie, maar dit het berus op sterk oortuigings gegrond op 'n etiese en bybelse standpunt. Geen ander nasie ter wêreld het dan ook 'n skoner rekort op hierdie gebied as die Afrikanernasie nie. En by geen nasie was die kans groter om hom aan rassevermenging oor te gee nie. Wat die groot bydrae van die gesonde Afrikaner familielewe in hierdie opsig was sal geen pen na waarde kan beskrywe nie. Die ware ongekunstelde aristokratiese Afrikanersiel het hom in sy huislike kring uitgeleef en sy stempel onuitwisbaar afgedruk op die volkskarakter. Ons sê : onuitwisbaar – want as hierdie kenmerke in 'n kommunistiese see verswelg word dan begrawe ons die egte Afrikanervolk in die graf van vergange eer, maar sonder toekoms.

Laat ons nie die opvoedende waarde van die Afrikaner huisgesin vergeet nie. Kweekplek vir die lewe – skool en sondagsskool ineen – dit was sy kenmerk. Die groot manne en vroue van ons het daar die eerste lesse vir die lewe geleer. En hier moet ons aan die Afrikaner moeder 'n ereplek gee. Sy het haar plek volgestaan en volgewerk en volgebied.

Die Afrikaner familie was 'n eenheid. Toe die duisende wawiele noordwaarts gerol het met die Groot Trek het die familie saamgegaan – die moeder en

kinders, klein en groot. Dit was nie 'n avontuur-soekery van mans en vaders alleen nie. Dit was 'n plegtige uittog met vrou en moeder en gesin wat die ontberings saam tegemoet gegaan het en gesamentlik die oog op die ster van vryheid en vrede gerig het. Daarom het ons gesê : die behoud van die identiteit en die eie lewenskragtigheid van die Afrikaner volk is, naas die beskermende hand van God, aan die Afrikaner huisgesin te danke.

Die tweede uittreksel op bladsy 36-39. Die “Huwelik en gesinsvorming” deur Dr. A M Meiring. JHB.

Binnein die huwelik is die korekste verhoudings ook tydelik aangegee. Die man moet die hoof van die gesin wees (1 Kor. 11:3, 7-9, Ef. 5:23-24 ens.) Hy moet sy vrou liefhê en eer (Kol. 3:19, 1 Pet. 3:7 ens.) Die kinders moet opgevoed word in die vrees van die Here en met liefde (1 Tim. 2:15, Ef. 6:4 ens.) Hulle moet onderdanigheid en liefde aan hul ouers bewys (Ef. 6:4) Met die Hervorming is die Chirstelike moraal in verband met die huwelik in 'n suiwer lig gestel. Luther en Calvyn was getroude mense, soos ook baie ander leiers in die Kerkhervorming. Luther was 'n gewese monnik en sy vrou 'n gewese non en toe hul kind gebore is het Rooms-katolieke dit as 'n afgrysing beskou en gemeen dat die kind die antichris sou wees. Maar as daar êrens 'n gelukkige en selfs vrolike huisgesin was, was dit die van Luther.

Dit kan seker sonder enige vrees van teëspraak gesê word dat dit die beste traditiesies van die Hervorming insake die huwelik en gesinslewe in die vroeë volksplanting in Suid-Afrika ingedra is. Nie dat daar nie afwykings plaasgevind het nie – veral in die heel begin toe die getalsverhouding van mans en vroue abnormaal was. Maar toe die volksplanting eers sy beslag gekry het, en byname onder die mense wat die binneland ingetrek het, het die gesinslewe 'n baie hoogstaande karakter aangeneem. Verskeie omstandighede het daartoe meegewerk, die godsdiens, maar ook die behoefde aan veiligheid. Die huisgesin het dikwels alleen gewoon in die groot ruimtes van die platteland en hy was op homself aangewys vir sy voeding, kleding en veiligheid.

Groot gesinne was aan die orde. Ouers kon met trots wys na 'n kroos van tien tot vyftien kinders. Vroeë was die algemene reël en kinderloosheid was 'n seldsaamheid. 'n Gesonde selfstandigheid het die lede van die gesin

gekenmerk. Die vader was die hoof van die huisgesin in hoë sin van die woord, maar die moeder was ook in baie werklike sin die spil wie rondom alles gedraai het.

Dit was, in kort, die kenmerk van die Afrikaanse volk gedurende die 18de en grootste gedeelte van die 19de eeu. Ds. Albertyn skryf in sy gemelde stuk: „ Vir die eerste paar eeue van sy bestaan het die *gesinslewe* meer as iets anders ons volkskarakter bepaal. Dit was ‘n patriargale familielewe. In die vader was beligaam die godsdiens, gasvryheid, opregtheid, sedelikheid, vryheidsliefde en dapperheid van die volk. Die meeste vaders het hierdie hoë gesag met waardigheid beklee. Die vader was ook die priester; die daaglikse gebruik van die Bybel en gebed het, selfs meer as die kerk, bygedra om die godsdienssin instand te hou. Ons nasies was ook baie familiegek. Die ou mense was gesteld op hul familieherkoms. Geslagregisters is in die familiebybel opgeteken. Familieliefde het uitgekóm in die gangbare spreekvorms, Oom, Tante, Neef en Niggie. Bloedsuiwerheid was deel van die lewensbeskouing van ons volk en alles wat daaraan afgebreek kon doen was streng verbied. Hierdie patriargale tradisie is een van ons skoonste erfenisse “

Dit was ‘n eenvoudige lewenswyse, so eenvoudig aswat vir baie mense vandag haas ondraaglik sou wees. Maar oor die algemeen het ons voorouers gelukkig en tevrede gelewe. Hulle het met dié lewenswyse, moeilikhede en gevare tebowe gekóm wat baie van ons sou oorweldig het. Verstoke van mediese en ander voorregte wat ons as onontbeerlik vir die lewe self sou beskou, het hulle nie net bly voortbestaan nie, maar hulself en hul kultiere gehandhaaf.

In ‘n seker sin is daardie verlede vir goed en herroeplik verby. Ons kan nie weer met ossewaens gaan rondbeweeg nie. Dit sou onprakties wees vir ‘n huisvader om daarop aan te dring om sy kinders se skoene self te maak van leer wat hy self gelooi het, van die vel van ‘n bees wat hy self geslag het. Dit mag selfs ook onekonomies wees wanneer beter artikels dikwels goedkoper gekoop kon word.

Maar daar is algemene beginsels wat waar bly van geslag tot geslag. Die geskiedenis van die wêreld, die opkoms en die verval van beskawings, die Bybel leer vir ons dat die waarde van die huisgesin as onmisbare faktor in die opbou van ‘n volk en ‘n gelukkige samelewing nooit, nooit deur iets

anders vervang kan word nie. As die huisgesin verval droog 'n volk se lewenssap op.

2. Die groot omwenteling wat in die gesinslewe van die Afrikaanse nasie gekom het.

Die betreklike afsondering waarin ons volk tot ruim die helfde van die 19de eeu gelewe het kon op die duur nie bly voortbestaan nie. Die indestriële omwenteling wat Engeland, Europa en later ook Amerika sedert die einde van die 18de eeu gestef het, met sy oorweldigende gevolge vir die volks- en gesinslewe, sou ewentueel ook by Suid-Afrika kom aanklop. Hierdie aanklop het skierlik en in baie opsigte op byna vernietigende wyse gekom. In die jaar 1867 is diamante in ons land ontdek en kort daarna goud. In 1886 het die Witwatersrandse goudvelde oop gegaan en spoedig die grootste goudbron geword wat in alle tye in die wêreld oopgemaak is. In 1899 het die verskriklike Engelse Oorlog gekom. Hierdie gebeurtenise het in 'n kort 40 jaar die aanskyn van ons land totaal verander.

Sedert die jaar 1911 is daar 'n duidelike stadswaartse trek by die Afrikaner te bespeur. Tienduisende en nog eens tienduisende het in die daaropvolgende jare na die groot stede gegaan, en die merke wat in daardie tyd in die volkskarakter ingebrand is, is vandag nog sigbaar en het in baie gevalle groter geword. Baie Afrikaners het in die agterbuurtes noodgedwonge moes gaan woon. En terwyl die eerste geslag hom nog in mate as Afrikaner en Christen kon haandaaf het die tweede en later die derde geslag hom geredelik by die mentaliteit van die ouer stadsbewoners begin aanpas. Die ondeugde van die stad is ook aangeleer, en hierdie ondeugde het veral die gesinslewe swaar getref.

Daar kan hartbrekende verhale deur elke stadspredikant en maatskaplike werker vertel word van Afrikaanse huisgesinne wat in agterbuurtes besig is om weg te vrot, van skokende gevalle van sedelikheid en oordendlikheidsgevoel wat vanweë gebrek aan privaatheid in volgepropte huise tot niet gegaan het, van saam woon het mense van ander ras en kleur nie uit vrye keuse nie, maar omdat 'n mens tog êrens 'n onderdak moet hê. Daar is reeds 'n groot getal vroue wat hul lewensbestaan met onsedelikheid maak, en dan verwys ons nog nie na die gene wat dit op deelydste wyse doen nie.

Onder meer gegoede Afrikaners, van wie daar gelukkig ook groot proporsie is, is daar ook bedenklige verskynsels. Die najaag van die kunsmatige word algaande diep ingewortel; die besef van onbestendigheid deur die feit dat die oorgrote meerderheid van Afrikaanse stadsbewoners, gegoed sowel as arm, in gehuurde huise woon, laat die tydelike, die genotverskaffende betoon voer.

Die gevolg hiervan is onwilligheid by mense om verantwoordelikhede wat 'n normale huwelikslewe meebring te aanvaar. Reeds in die jaar 1936 was daar 50,000 ongetroude jongmans tussen die leeftyd van 25 en 44 jaar in ons stede en dorpe en 35,000 ongetroude vroue van dieselfde leeftyd. Waar die ouerlike woning nog bestaan het dit baie van die kenmerke van vroeër verloor.

Die vader werk vroeg tot laat, ook nagskofte. Die moeder werk in baie gevalle ook. Broers en susters sien mekaar net saans, die huis word 'n eet- en slaapplek, 'n parkeerplek vir die nag. Dit word moeiliker om aan die godsdiens reg te laat wederveraar, en deur baie faktore word die huisgodsdiens so belemmer dat dit in die meerderheid van huise nooit meer beoefen word nie.

Ons moet nie die indruk wek dat die Afrikaanse volk wat in die stad woon sommer in sy geheel aan die vreemde invloed gekaputeleer het nie. Dit sal 'n donker en, God sy dank, onware weergawe van sake wees. Daar is duisende Afrikaners wat vandag in die stad net sulke goeie Christene en volksmanne is, en selfs beter, as wat hulle jare gelede op die platteland was. Maar ons dui 'n neiging aan wat ook in duisende gevalle helaas reeds 'n werklikheid geword het.

Daar is twee uitstaande verskynsels waarby stilgestaan moet word omdat dit die huwelik en gesinsvorming so gevoelig raak. Die twee is die groot skaalse toepassing van geboorte beperking en die verbysterende toename in egskedings.

Geboortebepkering. Dit sal in hierdie stuk onmoontlik wees om hierdie saak behoorlik te bespreek. Ons weet dat geboortebepkering 'n wêreldwye saak is (soos trouens ook sommige van die ander verskynsels wat ons van die Afrikaanse stadsbewoner beskrywe het). Vir die Europese lande en vir Amerika is dit 'n baie ernsige saak. Die geboortesifer het in ons land gedaal van 32½ per duisend in 1910 tot 25½ in 1940. Daar is 2½miljoen blankes

in Suid-Afrika. Daar is 9 miljoen nie-blankes, en hul aanwas is tans 38 per duisend vir naturelle en 44 duisend per jaar vir Indiërs. Die kennis aangaande hoe om geboorte te voorkom is wyd versprei onder blankes en word net so wyd beoefen.

In ons betragting van hierdie saak staan ons dikwels met die hande in die hare. Persoonlik staan ons in 'n middestadsgemeente, en ons kom dag vir dag op die woonstelle van getroude mense. Ons tref kindertjies aan in baie, baie gevalle tref ons hulle ook nie aan. En as die geleendheid hom voordoen om daaroor te praat dan kom die afdoende antwoord: „ Meneer, ek trek 'n selares van £20, my vrou verdien £15. Ons flat kos £12.10.0. Ons ander kostes is sodanig dat ons wel op £35 en selfs £30 kan lewe en 'n ietsie spaar. Maar sodra die vrou by die huis moet bly sit en 'n baba versorg en selares wegval, dan 'n oordentlike lewe onmoontlik gemaak.” Daarom: geen kinders, of die geboorte van kinders vir onbepaalde tyd uitstel.

Waar 'n saak só gestel word is dit moeilik om te weet wat om te antwoord. Natuurlik is nie alle en selfs nie die meeste gevalle met so argument teregverdig nie. Baie gehude mans selfs van betreklik jeugtige leeftyd verdien aansienlik meer as die gemelde syfers. Met oorleg en met die opsy lê van onodige plesier kan hulle wel tog deur kom op die man se selares en oneindig wen in geluk en bevredeging wat alleen 'n gelukkige huisgesin 'n mens kan gee. Dit bly nog altyd waar dat 'n vrou haar hoogste selfverwesenlike vind in die versorging nie van dinge nie maar van mense . Daar is onder *gegoede* mense, wat dit ruim het, seker geen moontlikheid van regverdiging vir die klein huisgesin van een of twee kinders nie.

Ons Afrikaanse nasie bloei dood deur kinderlose huwelike. Die tweede verontrustend faktor is die groot toename, veral in die stede van – 2. *Egskeidings*. Die volgende syfers sal bes die omvang van hierdie euwel stel. In die jare 1912-14, was daar in Suid-Afrika 20 egskeidings per duisend blanke huwelike per jaar. In 1923 was die syfer 35, in 1938 was dit 76, en in 1944 was dit 133. Dit is nog nie al nie. Uit nog meer resente gegewens moet ons die volgende ontstellende feite meld, nl.:-

1. Sedert die jaar 1935 het egskeidings in die unie byna verdriedubbel.
2. In 1945 was daar 19,000 huwelike van blankes en 4,000 egskeidings in Suid-Afrika.
3. In tien jaar het 25,000 huwelike in ons land te pletter geloop.

4. Byna die helfde van alle egskeidings in Suid-Afrika vind op die Rand plaas.

25,000 Gebroke huise in tien jaar! Hoeveel ander mense is daarin betrokke? Hoeveel kinders? Wie sal bereken watter siele- en liggaamlike skade aan hulle berokken is? Watter fundamente van ons samelewing is daardie een feit losgewikkel?

Tipies van die egskeidings is die volgende. 'n Predikant van 'n gemeente in Johannesburg vertel ons dat hy van 'n moeilikheid in seker huis verneem het. Hy was verbaas want dit was mense van bo die gemiddelde peil van sedelikheid. Sy verbasing het na ontsteltenis oorgeslaan toe hy daarheen gaan en vind dat die egpaar reeds van mekaar geskei is. Hy vind die vrou onder trane en sy sê: "Dominee, dit moes nooit gewees het nie. Dit was 'n verskriklike fout. Ons was albei kwaad en wou mekaar dreig. Toe ons sien was ons op 'n pad wat op hierdie skeiding uitgeloop het." Op die kritieke oomblik was daar geen vriendelike raadgewer nie. Die saak is deur die hof gejaag, en toe hulle tot besinning kom, was hulle nie meer man en vrou nie.

Ds. J. R. Albertyn meld in sy genoemde stuk dat in 88% van egskeidings kwaadwillige verlating as die oorsaak aangegee word, en hy som op: „ Suid-Afrika kry die reputasie dat hy een van die maklikste lande ter wêreld is om egskeidings in te verkry.”

Die proporsionele voorkoms van egskeidings is tans net so groot by Afrikaner mense as by Engelse. 70% van egskeidings is van persone wat voor die hof getroud is en 30% wat kerklik gertoud is.

Opsommend:

In kort kom dit dan daarop neer, dat suksesvolle Gesinsrehabilitasie, die herstelling van die priestersamp van die hoof van die huis, beteken.

Dankie